


# Hoofstuk 4 : Exodus


Hulle het deur die woestyn en oor berge getrek tot waar hulle teenaan die Rooisee gekamp het. Daar het hulle planne gemaak oor hoe hulle oor die uitgestrekte massa water gaan kom.


Nadat Farao oor sy kind getreur het, het sy woede weer opgevlam. Erger as ooit. Hoekom het hy sy slawe laat gaan?
Kry die strydwaens gereed. Agtervolg die Hebreërs. Bring hulle terug of maak almal dood.
Dit sal wees soos u sê, u majesteit.

Exodus 14:5-7




Exodus 14:5-13




Exodus 14:15-22




Exodus 14:22-23







Exodus 14:27-28




Exodus 14:21-22, 30, 16:2-3, 16:7-8




Exodus 16:14-15, 17:2-4; Psalm 78:24-25


God het aan Moses gesê wat om te doen.
Kom aanskou die krag van Jehova. Julle glo Hom nie. Julle kerm en kla net.
Hy het julle brood gegee en nou voorsien Hy julle water uit hierdie dorre **rots.**
Woep!
Ieeee!

Exodus 17:5-6










Exodus 17:16 , 19:1-6, 9










Exodus 19:17-25




Exodus 20:3-17


Toe Moses van die berg afkom het hy sewentig oudstes van Israel bymekaar geroep en hulle van die tien gebooie vertel.
Ons sal dit gehoorsaam en nakom.
Dit is goeie gebooie.
Julle sewentig moet saam met my terugkeer na die berg. Daar sal God metjulle ontmoet, soos met my. Julle sal sien. Maar eers moet ek die gebooie wat God aan my bekend gemaak het in 'n boek skryf.
Moses het versigtig alles neergeskryf wat God gespreek het. Die Gees van God het hom gehelp om geen foute te maak nie.
Nadat Moses die woorde neergeskryf het, het hy die mense bymekaar gekry en die woorde van God aan hulle voorgelees.
Alles wat God gesê het, is goed en ons sal daaraan gehoorsaam wees.
So het die volk van Israel 'n verbond met God gesluit. Hy sal hulle seën, hulle lewe gee en hulle verlos van hulle vyande, en hulle sal gehoorsaam wees aan al sy gebooie en wandel in regverdigheid.
God het Moses beveel om 'n bloedoffer te maak en om die mense met die bloed te sprinkel.
Almal was sondaars en het die dood verdien – selfs Moses en Aäron. Maar God was genadig en Hy het hulle redding bewerk. Deur die onskuldige lam se bloed oor die volk te sprinkel het God hulle sondes bedek en hulle nie laat sterf soos wat hulle verdien het nie. Die Lam wat die dood nie verdien het nie, het gesterf in die plek van al die sondaars, wat die dood verdien het.
Noudat julle sondes bedek is, sal julle sewentig saam met my die berg opklim en die heerlikheid en glorie van God aanskou.

Exodus 24:1-8




Exodus 24:9-10




Exodus 20:4, 25:8-9, 28:1-3, 32:1-4; Esegiël 1:10, 10:11, 28:14




Exodus 32:5-10




Exodus 20:3-4, 32:15-20




Exodus 32:26-28




Exodus 34:28 - 32, 39:32, Numeri 21:5-6


Spoedig was die kamp vol giftige slange.
God, help ons!
Selfs snags het die slange tot in hul tente gekom.
Help my. Ek is gepik.
Neeeee!
Nee, Joab!
Moeder!
Weens die sondes van die ouers het die kinders ook gely.

Numeri 21:6


Die geween van mense wat ly en rou kon orals in die kamp gehoor word. Die loon van sonde is verskriklik.
Dit is dieselfde orals in die kamp en dit word by die minuut erger. Baie het al gesterf.
Ons moet **Moses** vind. Hierdie is sekerlik die oordeel van God. Hy is kwaad vir die volk oor ons sondes.
Whack!
Praat asseblief met God. Ons verdien hierdie straf, maar vra Hom om genadig te wees.
Wanneer gaan mense leer dat God ernstig is oor sonde? Hulle moet Sy gebooie gehoorsaam en 'n heilige volk wees.
O, God, wees asseblief genadig teenoor U volk. Vergewe hulle sondes.
**Gaan. Maak 'n koperslang, net soos die slange wat die mense pik. Plaas dit op 'n paal waar almal dit kan sien. Sê dat hulle net na die koperslang moet kyk en hulle sal onmiddellik genees word.**

Númeri 21:7-8


God het 'n uitkoms voorsien. Kyk net na die koperslang en julle sal nie sterf nie.
Hy gaan doodgaan.
Nee! God het redding bewerk. Maak net jou oë oop en kyk. Kyk en lewe!
Dit is 'n wonderwerk!
Ons moet almal vertel.
Dit het vir my gewerk! Ek sal almal gaan vertel.
Kyk en lewe!

Númeri 21:9













*Númeri 21:9, 32:13*



Moses, jy dink dat jy die enigste een is wat na aan God is. Ons is net so heilig soos jy. Inteendeel, die hele gemeenskap is heilig. Daar is onder ons geen sondaars meer nie en God self leef in ons midde. Ons het jou en Aäron nie nodig om ons te sê wat om te doen en om regters oor ons te wees nie. Ons is net so bekwaam om te oordeel soos julle twee.
Ja, ek is moeg vir al die rond swerwery in die woestyn en 'n God wat ons vir alle onbenullighede met die dood straf.
Ja, dit is alles Moses se skuld. Sy standaarde is te **hoog.**
Moses het na die tabernakel gegaan om God gevra wat hy moet doen.
So het God gespreek, "**Julle, die seuns van Levi, neem te veel verantwoordelikheid op julself. Julle laat toe dat manne priesters word wanneer Ek hulle nie aangestel het nie.**"
Môre sal God oor ons almal oordeel en dan sal ons weet wie die priesters van God is, wie heilig is en wie nie. Kom môreoggend na die tabernakel. Bring julle vuurpanne met vuurkole daarin saam.

Númeri 16:2-6


Die volgende dag.
Staan nader, julle wat jul eie heiligheid verkondig, julle wat priesters wil wees, en oor die volk wil regeer.
God sal ons vandag hier ontmoet en Hy sal kies. Ons sal Sy mag en glorie aanskou.
Verwyder julle van hierdie goddelose mense, want ek gaan hulle in 'n oogwink vernietig.
Staan weg van hulle tente. Moenie naby hulle kom nie of julle sal saam met hulle sterf.




Númeri 16:28 – 33


Tel hulle koper vuurpanne op en maak daarvan 'n bedekking vir die altaar.
Wanneer julle die koper bedekking op die altaar sien, sal julle hierdie dag onthou toe die manne die bevele van God verontagsaam het en hulself as priesters aangestel het.
Dit was 'n dag wat die kinders van Israel nooit sou vergeet nie. God het dit baie duidelik gemaak dat Moses Sy profeet was en dat slegs diegene wat Hy aangestel het, priesters mag wees.


Die heerlikheid van God het altyd oor die tabernakel gesweef en die volk het Moses, vir veertig jaar, gewillig, kruis en dwars deur die woestyn gevolg.
Die heerlikheid van God skyn oor ons en Hy voorsien ons brood vanuit die hemel.
God het voortgegaan om brood uit die Hemel te laat reën en Hy het hulle voorsien met water uit die rots. Snags het die vuurkolom hulle bedek en bedags die wolkkolom. Hulle het kamp opgeslaan en geleer om die gebooie van God te gehoorsaam.




Ongeveer 1451 V.C. - Deuteronómium 34:4-5